Hoe vermeerder groepe? 'n Paar praktiese riglyne

Danie O'Kennedy & Gerrie van Niekerk

Danie O'Kennedy is leraar vir onderlinge sorg en alternatiewe bediening en Gerrie van Niekerk voltydse bestuurskonsultant en versorgingsleier in Helderberg gemeente.

Handelinge 2:47 getuig dat die Here die eerste gemeente geseën het en elke dag mense by die gemeente gevoeg het. Hoofstuk 6:1-7 gee vir ons 'n kort opsomming van dit wat die apostels gedoen het met die "probleem" van gelowiges wat meer geword het. Enige persoon wat die seën van 'n kleingroep beleef, sal graag wil hê dat meer persone hierdie seën moet beleef. Hierdie behoefte skep egter 'n paar uitdagings vir die leierskap in 'n gemeente. Die gedagtes wat volg kan moontlik vir gemeentes help wat strewe na groei in hul kleingroepbediening.

1. Hoe lank moet 'n groep saam wees voordat verdeling plaasvind?

Daar is verskillende teorieë wat bogenoemde vraag probeer beantwoord. Dit sal goed wees as 'n groep ten minste 18 maande tot twee jaar saam kan wees. Daar is egter nie 'n vaste wet nie, omdat baie faktore 'n rol speel (bv samestelling en ouderdom van die groep; fases waardeur groep gaan, kultuur in die groep; ens). 'n Groep wat nog sukkel om heel te word, kan egter nie verdeel nie. So 'n groep sal eers tot heling begelei moet word. Daar is ook sommige groepe wat eerder formeel moet stop in plaas daarvan dat hulle verdeel (bv groep met lae verbintenis of groep met selfsugtige kultuur).

2. Verskillende modelle vir vermeerdering

Daar is veral drie modelle wat deur gemeentes gebruik word vir die vermeerdering van kleingroepe.

2.1 <u>Verdeling</u>

Die huidige groep besluit om in twee of selfs drie nuwe groepe te verdeel. Twee leiers word aangewys en die groeplede besluit saam hoe die verdeling sal plaasvind (bv volgens geografiese adres, ouderdom van kinders, groeplede kontak leiers by wie hulle wil aansluit, ens). Indien verdeling problematies blyk te wees, kan die hulp van 'n voog/herderleier as neutrale buitestaander ingeroep word.

a. Voordele:

Kleingroepbediening groei vinnig; albei groepe ervaar seën van nuwe persone wat inkom; almal kry die kans om nuwe mense te nooi en groter verantwoordelikheid vir groep te neem; kultuur van oorspronklike groep word na albei groepe oorgedra; verdeling keer dat groep nie slegs na binne gerig word nie.

b. Nadele:

Verdeling kan lei tot onstabiliteit; leiers en groeplede kan "seergemaak" word as mense in groepe ingedwing word; groepe kan te vinnig en oorhaastig verdeel; trauma van verhoudings wat "verbreek" word; indien daar 'n onbybelse kultuur by die oorspronklike groep was, kan hierdie kultuur weer versprei word.

2.2 <u>Stuur "sendeling" uit</u>

Die bestaande groep besluit om een of twee gesinne uit te stuur om nuwe groep te begin (verkieslik die groepleier). Die Gesin(ne) kan by die nuwe groep bly of terugkeer na die oorspronklike groep as die nuwe groep gevestig is en 'n nuwe leier gevind is.

a. Voordele:

Bestaande verhoudinge word nie verbreek nie; nuwe leier kry geleentheid om leiding oor te neem by 'n gevestigde groep; min stres vir nuwe leier; lei tot stabiliteit in kleingroepbe-

diening, gee kans vir "pionier" leiers om hulle gawes te kan uitleef.

b. Nadele:
Huidige groep ervaar nie die seën van hele aantal nuwe persone wat inkom nie; nuwe leier word met ou leier vergelyk; ou groep kan na binne keer en selfs doodloop as daar selfsugtige kultuur is.

2.3 <u>Totaal nuwe groep</u>

Iemand bied aan om 'n totaal nuwe groep te begin. So 'n nuwe leier kan byvoorbeeld 'n nuwe intrekker wees of selfs iemand wat nog nie deel van 'n kleingroep was nie.

a Voordele:
Bediening groei vinnig deurdat leier aktief na mense soek om deel van sy groep te wees; geen bestaande groepe word "geraak nie".

b. Nadele:
Leier kan dalk verkeerde kultuur in kleingroepbediening indra wat nie inpas binne gemeentevisie nie; leier sonder ervaring kan sukkel; vreemde groep persone bymekaar kan sukkel om eenheid te vorm.

3. Wat is die beste model?

Al drie modelle is al met groot vrug in gemeentes toegepas. In die sel/omgeebediening regoor die wêreld is aanvanklik sterk op die verdelingsmodel gefokus, maar dit wil voorkom asof daar in SA al hoe meer van die "sendelingmodel" gebruik gemaak word.

4. 'n Paar belangrike beginsels om te onthou

- Dit is belangrik dat die groepleier en ander betrokke leiers vooraf vir wysheid sal bid. Soms storm 'n mens sonder God se wysheid voort en "organiseer" alles soos jy wil.
- Verdeling kan vir baie mense traumaties wees. Wees sensitief vir alle mense se behoeftes.
- Vermeerdering moet in afhanklikheid van die Heilige Gees bestuur word. Moenie aanvaar dat verdeling sommer net vanself sal gebeur nie. Die bestuur/kommissie vir kleingroepbediening moet pro-aktief kyk na oplossings soos byvoorbeeld die opleiding van genoeg leiers.
- Kommunikeer voortdurend die droom van vermeerdering aan groepleiers.
- Daar kan nie vermeerdering wees as daar nie 'n goed toegeruste leier is nie. Die groepleier sal die onderleier lank voor die tyd moet bemagtig en help om al hoe meer verantwoordelikheid te neem.
- Die groep moet nie net skielik op 'n dag hoor dat verdeling gaan plaasvind nie. Die groepleier bestuur die proses van vermeerdering: gesels met onderleier; maak dit aan groep bekend; maak bekend wie leiers van groepe sal wees; verduidelik proses (bv tydskaal).
- Dit is goed as die groepleier in die hele proses deur 'n ander leier gehelp word (bv leraar/ voog/ herderleier). In die meeste gevalle kan 'n neutrale persoon van groot nut wees.
- Maak seker dat groeplede vrede oor die proses het. Indien daar nog onvrede is, moet daar weer daaroor gesels word.
- Die bestaande groep moet behoorlik afsluit. Vier saam fees oor dit wat julle as groep beleef het en stuur die nuwe groepleier/s uit.
- Verhoudinge wat alreeds in kleingroepe gevorm is, word moeilik afgebreek. Lidmate sal altyd goeie verhouding met ou groeplede hê al sien hulle mekaar nie meer op 'n gereelde basis nie.

Om te onthou:

As Jesus se kleingroep van twaalf dissipels nie vermeerder het nie, sou ons nie vandag hier gewees het nie! Mag God ons help om deur die vermeerdering van kleingroepe lidmate te help om geestelik te groei en die koninkryk van God uit te brei.